


# Die Penniefluitjie



## Liewe Maats

Ja, die eerste kwartaal van 2008 is alweer amper om! Die tyd vlieg so vinnig, mens kom dit skaars agter.

Ek hoop julle het almal vroeg opgestaan op die 21ste Februarie om die maansverduistering te sien – of het julle verslaap? Ons God is darem wonderlik! Kyk hoe sorg Hy vir ons elke dag en Hy het selfs die maan en planete en sterre onder Sy beheer. Niemand anders kan dit doen nie, of hoe?

Hierdie kwartaal het ons mos oor die Tien Gebooe gepraat – onthou julle nog die storie van Moses wat by God self die stel reëls vir die volk Israel gekry het? Ek wonder of julle nou weet hoekom God sulke wette gemaak het?

Ja, dit was omdat Hy ons liefhet en wil beskerm. Hy wil hê ons moet aan Hom getrou wees en Hom met ons hele hart, siel en verstand liefhê en dien. En wat van ons naaste? Ja, ons moet hulle liefhê soos onself!

Dis nie 'n maklike opdrag nie, maar God verwag nie van ons om dit alleen te probeer regkry nie – Hy het mos vir ons die Heilige Gees gegee wat ons daarmee help. Ons moet net onthou om vir Hom te vra om te help. Hy doen dit baie graag!

Ek het 'n woordraaisel vir die ouer kinders uitgewerk wat julle kan doen – dis nodig dat julle jul Bybels uithaal en versies opsoek! Julle weet mos darem nou al teen hierdie tyd watter boeke is in die Ou Testament en watter boeke in die Nuwe Testament!

En dan hersien ons so 'n bietjie die gebooe ook! (Heel agter is darem vir almal die mooiste olifant om te bou!) Geniet dit hoor!

## Ons Kategete

Liefde in Jesus

**Tannie Lita**

Kindererediens	Malinda Rademeyer	012-331 0086(h)
Kleuterkerk	Anilo Botha	079 353 3084
	Annchen Theron	072 2007 294
	Zelda Becker	072 076 0270
Graad 1	Elbie Ferreira	073 2814 128
	Nicolette van Heerden	012-331 1747(h)
Graad 2	Susan Botma	073 294 3480
Graad 3 (seuns)	Elma du Plessis	076 189 4761
	Heleen de Beer	082 441 8373
Graad 4	Carien & Pierre Buisset	082 441 8373
Graad 5	Martjie du Plessis	012-331 3074(h)
Graad 6	Lita Spreeth	082 453 8421
Graad 7 (seuns)	Vince Tomes	076 460 0980
	Karien de Beer	079 886 7977

# Soek die woorde!

## Soek die woorde!

Hier onder is 'n paar vrae – al die antwoorde is tussen die blokkies, maar dit kan in enige rigting geskryf wees, so kyk mooi!

B	E	S	N	Y	D	E	N	I	S	A	H
N	G	O	U	D	A	J	L	K	O	A	O
P	E	N	T	A	T	E	U	G	M	X	R
R	D	A	L	H	W	E	M	L	P	S	E
A	Q	O	N	D	D	U	A	R	E	Q	B
R	A	O	O	F	P	S	K	S	D	W	O
S	X	R	Y	P	P	I	O	T	G	B	E
V	Z	V	O	F	S	M	S	I	N	A	I
C	Y	E	B	N	G	I	A	P	F	Z	L
S	E	S	E	N	S	E	S	T	I	G	B

1. Wie was die leier van die volk Israel?
2. Waarvan is die beeld van die kalf gemaak?
3. Watter gebod het 'n belofte by?
4. Wie was Moses se broer?
5. Hoeveel boeke is in die Bybel?
6. Watter boek is presies in die middel van die Bybel?
7. Wat is 'n ander naam vir die eerste 5 boeke?
8. Wat was die teken van die verbond wat God met Abraham gesluit het?
9. Wat is die teken van die verbond vandag?
10. By watter berg het die Israeliete gekamp terwyl Moses die Tien Gebooue by God gekry het? (daar is twee name vir die berg – soek altwee)



## Swaard in die Skede

Kan julle onthou hoekom ons die speletjie "Swaard in die Skede" speel?

'n Soldaat moet sy wapen ken voordat hy homself kan verdedig. Die Bybel is ons swaard teen die Bose, maar as ons nie weet hoe om dit te gebruik nie, kan ons nie staande

*bly teen al die versoekings nie. Daarom oefen ons om ons Bybel te ken en te gebruik – die enigste manier is om dit te lees!*

Vra nou vir Pappa en Mamma om julle hiermee te help:

Soek heel eerste Openbaring 3: 20 op en skryf dit hieronder neer:

---



---



---

Soek nou 1 Johannes 1:9 op en skryf dit hieronder neer:

---



---



---

Soek nou bietjie Johannes 3:16 op en skryf dit hieronder neer:

---



---



---



---

*Hierdie drie versies kan julle gerus uitknip as julle dit klaar geskryf het en dit iewers plak waar julle dit elke dag kan sien! Jesus wag vir ons om ons harte se deur oop te maak, sodat Hy binne ons kan kom woon – ons moet Hom innooi, Hy vat nie sommer net vir Hom 'n plek nie!*

*As ons erken dat ons foute maak en ekskuus sê, vergewe Hy ons dadelik en dink nooit weer daaraan nie!*


*God het Jesus gegee om namens ons te sterf en vir sonde te betaal, sodat ons die Ewige Lewe kan hê, maar ons moet Hom kies as Koning oor ons lewens.*



Bid nou saam met my as jy so voel:



Here Jesus, ek is klein en sondig.  
 Ek maak elke dag foute - ekskuus daarvoor.  
 Sal U asseblief in my hart kom woon vir altyd?  
 Baie dankie Here!  
 U is nou Koning in my lewe!

### SELFDOEN



Knip prente uit en plak op karton, knip mooi uit en kleur in!

Knip oor uit en draai om, trek af en knip uit sodat jy twee ore het!



Hier is die lyf – nou kan jy jou eie olifant bou! Dis sommer 'n lekker grote – gee hom 'n naam, hoor!

Jy kan 'n mooi Bybelversie agterop skryf as jy wil. As jy klaar is, gee dit vir iemand om te sê jy gee om!